DEEL 118 | WEEK 25 | 19 JUNIE 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Van Tshabalala tot Mollo:

## *Oos-Vrystaat skryf weer Comrades-Geskiedenis*

Die Oos-Vrystaat het rede om trots te wees nadat Frankfort se eie Mbuti Mollo die land verstom het met 'n uitstekende derde plek in die 2026 Comrades Marathon.

Mollo het die uitdagende 85,77 km "Up Run" van Durban na Pietermaritzburg in 'n indrukwekkende tyd van 5:21:31 voltooi en daarmee sy plek onder Suid-Afrika se voorste ultramarathon-atlete bevestig.

Wat sy prestasie nog meer merkwaardig maak, is die feit dat hy homself afrig en nie van 'n formele afrigter gebruik maak nie. In 'n tyd waar die meeste elite-atlete professionele afrigters en uitgebreide ondersteuningspanne het, het Mollo sy voorbereiding en oefenprogram self bestuur. Sy podiumplek is daarom nie net 'n bewys van talent nie, maar ook van buitengewone selfdissipline, deursettingsvermoë en toewyding.

Vir die inwoners van Frankfort en die Oos-Vrystaat dra Mollo se prestasie besondere betekenis. Presies 37 jaar gelede het die Heilbron Herald berig oor die historiese besoek van Sam Tshabalala, die eerste swart atleet wat die Comrades Marathon gewen het. Kort ná sy oorwinning in 1989 het Tshabalala Frankfort besoek om sy eerste afrigter, mev. Jane Bibbey, te bedank vir die rol wat sy in sy ontwikkeling as atleet gespeel het.

Nou, byna vier dekades later, plaas Mollo se podiumplek die streek weer in die nasionale kollig en bevestig dit die Oos-Vrystaat se trotse hardloop-erfenis.

Frankfort se sukses was nie tot Mollo beperk nie. Sy vriend en drafmaat het ook 'n uitstekende wedloop beleef en 19de geëindig met 'n tyd van 5:34:29.

*(vervolg bladsy 4)*

*Op die foto regs: Frankfort se Mbuti Mollo het die Oos-Vrystaat trots gemaak met sy derde plek in die 2026 Comrades Marathon. Sy prestasie kom 37 jaar nadat die Heilbron Herald berig het oor die besoek van Sam Tshabalala, die eerste swart wenner van die Comrades Marathon, aan sy voormalige afrigter in Frankfort.*












# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Jeugdag 2026: Elke Jongmens Verdien 'n Kans om te Groei




• *Elmarie Els-Hammann*

Junie, Jeugmaand, bied aan ons die geleentheid om nie net jongmense te vier nie, maar ook om na hul behoeftes, uitdagings en potensiaal te kyk. Jeugdag herinner ons daaraan dat kinders en jongmense die ondersteuning van hul gesinne en gemeenskappe nodig het om gesond, veilig en selfversekerd groot te word.

Vandag groei baie jongmense op in omstandighede wat uitdagend kan wees. Sommige word gekonfronteer met armoede, gesinsprobleme, mishandeling, verwaarlosing, geweld, dwelmmisbruik in die gemeenskap of 'n gebrek aan positiewe rolmodelle. Ander worstel met lae selfbeeld, angs, depressie en die druk om in te pas by hul maats. Die invloed van sosiale media bring ook unieke uitdagings mee, soos kuberafknouery en onrealistiese verwagtinge oor voorkoms en sukses.

Tog toon jongmense daagliks ongelooflike veerkragtigheid. Met die regte ondersteuning kan hulle uitdagings oorkom, gesonde verhoudings bou en hul drome nastreef. Daarom is dit belangrik dat die hele gemeenskap saam verantwoordelikheid neem vir die welstand van ons jeug.

**Daar is verskeie praktiese maniere waarop ons jongmense kan ondersteun:**

Luister na hulle. Jongmense het nodig om gehoor te voel. Neem tyd om na hul gedagtes, bekommernisse en idees te luister sonder om hulle te oordeel.

Wees 'n positiewe rolmodel. Kinders leer meer uit wat hulle sien as uit wat hulle hoor. Respek, eerlikheid en verantwoordelikheid word dikwels deur voorbeeld aangeleer.

Moedig deelname aan. Sport, kultuur, kerkgroepe, gemeenskapsprojekte en stokperdjies help jongmense om selfvertroue te ontwikkel en gesonde verhoudings te bou.

Erken hul prestasies. 'n Eenvoudige woord van aanmoediging kan 'n groot verskil maak in 'n jongmens se selfbeeld.

Skep veilige ruimtes. Jongmense moet weet daar is plekke waar hulle veilig is en waar hulle ondersteuning kan ontvang wanneer hulle hulp nodig het.

Praat oor moeilike onderwerpe. Oop gesprekke oor dwelms, geweld, seksuele gesondheid, verhoudings en geestesgesondheid help jongmense om ingeligte besluite te neem.

Bou sterk gesinsbande. Gereelde kwaliteittyd saam as gesin versterk vertroue en emosionele veiligheid.


As gemeenskappe kan ons ook 'n verskil maak deur mentorskapprogramme te ondersteun, vrywilligerswerk te doen, jongmense by gemeenskapsaktiwiteite te betrek en uit te reik na kinders wat kwesbaar of geïsoleerd voel. Soms is die grootste geskenk wat ons aan 'n jongmens kan gee nie geld of besittings nie, maar tyd, aandag en opregte omgee.

Gedurende hierdie Jeugmaand word ons herinner dat die ontwikkeling van jongmense nie slegs die verantwoordelikheid van ouers, onderwysers of maatskaplike werkers is nie. Dit is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Wanneer volwassenes saamwerk om kinders en jongmense te ondersteun, skep ons 'n omgewing waarin hulle kan floreer en hul potensiaal kan bereik.

Terwyl ons Jeugdag vier, laat ons onsself afvra: Wat kan ek doen om 'n verskil in 'n jongmens se lewe te maak? Dikwels begin positiewe verandering met klein dade van vriendelikheid, aanvaarding en ondersteuning.

Ons jeug het nie net hoop vir die toekoms nodig nie – hulle het vandag mense nodig wat in hulle glo. Daarom is Jeugmaand 'n herinnering dat elke jongmens waardevol is, elke stem belangrik is en elke kind die geleentheid verdien om veilig, geliefd en met waardigheid groot te word.

## UIT DIE PEN: Week 25



My gryse ou pa het altyd gepraat van "OWAO" mense. Ons Was Al Oorsee. Later het hy dit verander na "OWAWO". Ons Was Al Weer Oorsee. As ek my sin kry, gaan ek vir altyd van een land na 'n ander land toer. Ek wil hulle reuke ruik, hulle kos proe, na hulle landskap kyk. Ek wil hulle sien leef.

Aan die einde van elke jaar sê ek vir my goeie man dat hy vir my die name van twee lande gee wat hy graag wil besoek. Aan die einde van die volgende jaar vra ek dit weer sonder dat ons ooit daar was.

In 2019 was ek begeesterd en het 'n lys van ses lande op die yskas geplak wat geen visa nodig het nie. En wat gebeur in 2020? Die verskriklike COVID.

So word die hele proses jaar na jaar herhaal sonder enige aanvaarbare uitkomste wat bereik is. Nietemin. Ek het darem al ’n klein glimps gesien van ander lande, maar vir werk en nie vir ontspanning nie.

In Maartmaand sê my werkgewer dat hy drie afgevaardigdes na 'n konferensie in Lesotho gaan stuur. Ek sê vir myself: good luck and goodbye, die afgevaardigdes moet dit geniet. Groot was my verbasing toe ek hoor dat ek deel uitmaak van die groepie. Chipo en Faizel gaan saam.

Die hotel waar die konferensie gehou gaan word is peperduur en ons reisagent bespreek vir ons plek by 'n gastehuis. Sy bespreek ook die vlugte en die motor. Op OR Tambo klim ons in 'n piepklein vliegtuigie. Ek sit amper in die loots se kajuit. Ek hoor dat die lugwaardin vir die loots sê dat al 37 mense aan boord is. Uit 'n vorige ondervinding weet ek dat daardie klein vliegtuigie die dinges uit jou skud.

Die lugwaardin gaan deur al die veiligheidsplanne vir ingeval. Sy gebruik ’n CD op ’n ouerige Pioneer CD speler. Ek lag by myself: alles het tegnologies verander, behalwe vir die klein karradio in die vliegtuig.

'n Uur nadat ons opgestyg het, stryk ons neer op die Koning Moshoeshoe lughawe in Maseru. Ons loop dadelik na waar die pyltjie vir die bagasie wys, maar 'n tannie wat aanmekaar sê "hallo, hallo" roep ons terug.

Eers die ry vir die gesondheidsvraelys. Het jy koors? Het jy hoofpyn? Hoes jy? Is jy naar? Wie is jy en presies waar gaan jy heen en hoekom? Die tannie neem my temperatuur met wat lyk soos 'n Playstation ding. Ek wonder toe: as jou temperatuur te hoog is, sit hulle jou terug op die vliegtuig?

In plaas van ’n carousel waar jou bagasie om en om gaan, is daar ’n man met ’n trollie. Hy bring sommer die tasse na die aankomssaal toe. Hy moes weliswaar ’n paar keer geloop het.

Toe ons klaar is by die gesondheidstannie, loop ons na die bagasie en elkeen gryp hulle tasse. Ons wil by die deur uitgaan, maar ’n ander kwaai tannie vra dat ek my tas op die toonbank moet sit.

Ek moet eers my paspoort wys, en toe moet ek verduidelik wat alles in my tas is. Waar gaan ek heen? Hoekom gaan ek soontoe? Wanneer kom ek terug? Ek hoop die tannie is weer daar wanneer ons uit vlieg sodat ek haar weer kan totsiens sê.

Ons gaan na die motoragentskap toe. Nee, hulle het nie ’n motor vir ons nie. Maar wag, hier is nog ’n motoragentskap. Gelukkig wys die man se rekenaar dat ons wel ’n motor het. Ongelukkig is die motor wat ons bespreek het, nie daar nie. Daar is wel ’n kleiner karretjie wat beskikaar is, ons kan solank daarmee ry en hy sal later die aand die twee motors kom omruil.

Nadat ons ons huurkar gekry het, sluit hulle letterlik die lughawe se deure agter ons.

Gelukkig het die tannie van Google Maps al in Lesotho rondgery, want sy ken die plek. By die gastehuis is ons gasvrou baie vriendelik, veral toe ek haar in Sesotho groet en vir haar vertel wat my naam in Sesotho is.

Ons gaan trek gou aan en gaan na die openingseremonie vir die kongres. Dis ’n geroesemoes van stemme en musiek. Klaar geëet, vertrek ons terug na die gastehuis vir ’n goeie nag se rus.

Kollega Faizel gaan terug na sy kamer, en ek en Chipo stryk aan na ons kamers. Ek hoor iemand ons roep: weliswaar die man van die motoragentskap. Hy het ons oorspronklike kar gewas en al die pad gery om dit om te ruil, soos hy beloof het.

Met ontbyt die volgende dag begin ek gesels oor die vlak van inbrake, verkragtings en moord in Suid-Afrika.

“Dit laat my dink,” sê ek, “is ons kar nog in die parkeerplek?” Chipo speel saam. Ons dik die storie aan, en dat ek nou baie bekommerd is.

Ons al drie staan op en gaan na die parkeerplek. Ons wit kar wat ons die vorige middag gekry het, staan nie meer daar nie. Die nuwe kar staan op ’n heel ander plek.

“Wat gaan ons vir ons baas sê?”

“Hoe gaan ons by die konferensie kom?”

“Hoe gaan ons weer by die lughawe kom?”

“Was daar versekering op die kar?”

Faizel is nou meer as bekommerd.

“Wel,” sê ek, “dalk moet ons sommer met die ander kar ry. Want as iemand ons kar gesteel het, kan ons mos weer vir ons ’n kar steel. Ek is seker dat Lesotho se polisie ons nooit sal opspoor nie, as ons net vinnig genoeg is.”

Faizel kyk my vraend aan.

Ek druk die nuwe kar se afstandsbeheer en die liggies gaan aan.

Ek het min in my lewe ’n man gesien wat regtig verlig is. Faizel was. Kan jy jou net indink wat sou gebeur het as dit ’n ware storie is?

Ek is nog nie op die vlak van die OWAO mense nie, maar ek was darem al in Lesotho.

## DA calls for immediate restoration of fire services in Heilbron

*by Cllr. Robert Ferendale -*
*DA Councillor Ngwathe Municipality*

- Heilbron left without a fire truck.
- Residents received no help during fires.
- DA demands a replacement vehicle and answers.

The Democratic Alliance (DA) will submit a letter to the Municipal Manager for the immediate deployment of a replacement fire vehicle to Heilbron and a full report on the municipality’s fire service capacity, following the complete loss of operational fire services in the town.

Ngwathe has left Heilbron without an operational fire service after its only fire truck was sent for repairs, with no temporary replacement provided.

When a fire broke out recently, residents who called for assistance were told no help was available. A second property burned down shortly after, again with no response from fire services. Why were no preventive measures taken? How could a town be left without a fire truck? This is serious negligence on the part of the responsible department and should be called into question.

This is an unacceptable failure. The municipality has a basic duty to protect residents' lives and property, and it has failed to do so in Heilbron.

The DA calls on the Municipal Manager to immediately deploy a replacement vehicle to Heilbron and to provide a full explanation of how this situation developed.

Residents deserve answers.

*Cllr. Robert Ferendale - 064 863 8203*
*DA Councillor Ngwathe Municipality*
*Heidre Malgas - 065 669 5808*
*DA Free State Provincial Media Officer*

# Inwoners betaal die prys vir disfunksionele lisensiekantore

Die VF Plus het ernstige kommer uitgespreek oor die toenemende aantal lisensiekantore en toetssentrums in die Vrystaat wat gesluit is, op beperkte kapasiteit funksioneer of weens verskeie probleme nie voldoende diens aan inwoners kan lewer nie.

Die jongste klagtes uit Heilbron en omliggende dorpe beklemtoon die omvang van die probleem waarmee inwoners daagliks worstel. Sedert die sluiting van die lisensiekantore in Deneysville in 2005 en later Edenville, moes inwoners van dié dorpe op Heilbron staatmaak as hul naaste alternatief vir lisensie- en voertuigverwante dienste.

Die situasie het egter drasties versleg nadat daar in Maart 2023 by die Heilbron-toetssentrum ingebreek is. 'n Verdere inbraak by die Heilbron Registrasie-owerheid in September 2025 het die diensleweringskrisis verder verdiep. Inwoners word tans dikwels gedwing om na Frankfort, Petrus Steyn, Reitz of selfs Sasolburg te reis om noodsaaklike dienste te bekom.

Volgens inwoners veroorsaak die voortdurende probleme groot finansiële druk op gemeenskappe wat reeds swaarkry onder stygende brandstofkoste. Veral beroepsbestuurders wat vir hul PrDP's moet aansoek doen, word benadeel aangesien hulle soms verskeie kere na ander dorpe moet reis weens stelselprobleme, swak vingerafdrukke of fotoverifikasie wat misluk.

Die VF Plus sê die probleme is nie beperk tot Heilbron nie, maar word regoor die Vrystaat aangetref. Redes wat gereeld aangevoer word vir die swak funksionering van kantore sluit in inbrake en diefstal, vandalisme, personeeltekorte, swak toestande van fasiliteite en arbeidsregtelike kwessies wat personeel raak.

Die VF Plus se lid van die Vrystaatse Wetgewer, Armand Cloete, asook Tammy Breedt, parlementslid in die Nasionale Raad van Provinsies, het reeds verskeie skrywes aan die LUR vir Gemeenskapsveiligheid, Paaie en Vervoer, mnr. Jabu Mbalula Mpolola, gerig waarin die verslegtende toestand van lisensiekantore en toetssentrums uitgelig word.

Die DA het ook al briewe geskryf.

Breedt sê die VF Plus sal voortgaan om druk uit te oefen, nie net deur die portefeuljekomitee in die provinsiale wetgewer nie, maar ook deur verdere skriftelike voorleggings aan die LUR.

"Hierdie is nie 'n probleem wat slegs een dorp of distrik raak nie. Dit is 'n provinsiale krisis wat inwoners regoor die Vrystaat benadeel en dringend aandag verg," het sy gesê.

Breedt het die kwessie ook vroeër vanjaar in die Parlement geopper, waar sy verskeie lisensiekantore wat met soortgelyke uitdagings worstel, onder die aandag van die regering gebring het, waaronder Heilbron was.

Daar word 'n beroep gedoen op die provinsiale regering om dringend oplossings te implementeer om die veiligheid van kantore te verbeter, personeeltekorte aan te spreek en te verseker dat inwoners toegang het tot die basiese dienste waarop hulle geregtig is.

# Sewe watermeters in een aand gesteel

Inwoners van Heilbron is die afgelope week geskok deur 'n reeks beweerde diefstalle wat op verskeie plekke in die dorp plaasgevind het.

Volgens inligting wat ontvang is, is sewe watermeters vroeër die week gesteel, vier van die watermeters in Ringerstraat verwyder, terwyl ander voorvalle ook in Presidentstraat en Elsstraat aangemeld is.

Daarbenewens word beweer dat ligte by BKB gesteel is, terwyl koperkabels en pype glo by Kopanang gesteel is.

Daar word vermoed dat die watermeters vir die koper daarin gesteel word, om dit te verkoop. Die diefstalle veroorsaak nie net finansiële verliese nie, maar laat inwoners ook sonder noodsaaklike dienste totdat die skade herstel kan word.

Op hierdie stadium is die identiteit van die verdagtes nog onbekend.

Inwoners word aangemoedig om waaksaam te wees en enige verdagte aktiwiteite onmiddellik by die polisie of betrokke owerhede aan te meld. Die gemeenskap hoop dat die skuldiges binnekort opgespoor sal word en dat verdere voorvalle voorkom kan word.

# Langnaweek eindig in tragedie op R57

Die afgelope langnaweek is deur verskeie tragiese padongelukke in ons omgewing oorskadu, met ses mense wat hul lewens verloor het en verskeie ander wat ernstige beserings opgedoen het.

Op 16 Junie het 'n noodlottige kop-aan-kopbotsing sowat 15 km buite Sasolburg op die R57 in die rigting van Heilbron plaasgevind. Drie persone is op die toneel dood verklaar, terwyl twee ander matige beserings opgedoen het en na die Fezi Ngubentombi-hospitaal in Sasolburg vervoer is vir verdere behandeling.

Slegs enkele dae tevore, vroeg Sondagoggend, is nooddienste na 'n veelvuldige voertuigbotsing op die R57 tussen Petrus Steyn en Heilbron ontbied. Vier voertuie was by die ongeluk betrokke, naamlik 'n ligte motorvoertuig, 'n sleepwa wat 'n voertuig vervoer het, 'n minibustaxi en 'n swaarvoertuig.

Drie mense is op die toneel dood verklaar, terwyl vier persone ernstige beserings opgedoen het en nog twee matig beseer is. Die beseerdes is op die toneel gestabiliseer voordat hulle na die Tokollo-hospitaal in Heilbron en die Pelonomi Trauma Sentrum in Bloemfontein vervoer is.

Die Verkeersongeluk-ondersoekeenheid ondersoek beide voorvalle om die oorsake daarvan te bepaal.

Hierdie hartseer voorvalle dien as 'n ernstige herinnering aan die gevare van ons paaie, veral gedurende besige vakansie- en langnaweke wanneer verkeersvolumes toeneem. Motoriste word versoek om hul spoed aan te pas, veilige volgafstande te handhaaf en te alle tye waaksaam te bly.






# Van Tshabalala tot Mollo: Oos-Vrystaat skryf weer Comrades-Geskiedenis

*(Vervolg vanaf bladsy 1)*

Vir die inwoners van Frankfort is Mbuti Mollo se prestasie veel meer as net 'n medalje of posisie – dit is 'n bewys dat groot drome ook uit klein dorpe kan groei.

Met sy derde plek het Mbuti Mollo nie net geskiedenis gemaak nie, maar ook 'n hele gemeenskap geïnspireer.

Sy vriend en drafmaat, , het ook 'n uitstekende wedloop gehad en 19de geëindig in 'n tyd van 05:34:29, wat verdere glans aan die Frankfort-atlete se vertoning verleen het.

Heilbron het intussen ook rede om trots te wees met drie deelnemers wat vanjaar die Comrades aangepak het. Christel Schoeman het die wedloop in 8:51:59 voltooi, terwyl Simon Germishuys, wat saam met Christel aan sy tweede Comrades deelgeneem het, 'n tyd van 10:26:17 aangeteken het. JP Botha het sy derde Comrades voltooi in 'n tyd van 9:46:53 asook Liezl Hein van Koppies met 'n tyd van 9:24:59. Volgens Botha was elkeen van sy drie Comrades-marathons opgedra aan een van sy drie kinders – 'n besonderse persoonlike mylpaal.

Volgens Christel Schoeman was vanjaar se Comrades 'n heelwat beter ervaring as die vorige jaar.

"Ek stem saam met die talle atlete wat sê dat die opdraande baie makliker is as die afdraande. Hierdie Comrades was vir my besonder spesiaal. Ek het my doeltyd behaal en elke kilometer vir Oupa Albie gehardloop. Dit het die wedloop 'n diep persoonlike betekenis gegee en my gemotiveer om aan te hou wanneer dit moeilik geraak het."

Sy het verder beklemtoon dat die ondersteuners 'n enorme rol in die sukses van elke deelnemer speel.

"Die ondersteuners wat saamreis, doen eintlik van die hardste werk. Hulle offer hul tyd op, staan ure lank langs die roete en sorg dat alles vlot verloop. 'n Spesiale woord van dank aan Lizelle Botha wat gesorg het dat ons almal bymekaar bly en ondersteun word."

Volgens Schoeman was die verkeer, padwerke en geslote paaie waarskynlik die grootste uitdaging vir die ondersteuningspan, maar elke opoffering was die moeite werd.

"Die Comrades bly 'n unieke ervaring wat moeilik in woorde beskryf kan word."

Aan voornemende Comrades-atlete het sy 'n eenvoudige maar kragtige boodskap:

"Begin net oefen. Die harde werk begin die dag wanneer jy besluit om jou droom na te jaag. Met toewyding, dissipline en deursettingsvermoë is meer mense daartoe in staat as wat hulle dink. Die Comrades is nie net 'n wedloop nie – dit is 'n bewys dat gewone mense buitengewone dinge kan bereik."

Terwyl Frankfort feesvier oor Mollo se podiumplek, het die deelname en deursettingsvermoë van die Heilbron-atlete weer eens bewys dat die Oos-Vrystaat se hardloopgemeenskap oor uitsonderlike karakter en vasberadenheid beskik. Die prestasies van al hierdie atlete sal nog lank onthou word.



*Op die foto vl: JP Botha, Christel Schoeman en Simon Germishuys.*

## Cruise for a Cause 2026!

Ondersteun 'n goeie doel én staan die kans om 'n droomvakansie te wen! Vir slegs R50 per kaartjie kan jy dalk 'n MSC Armonia vaart vir twee na die Portugese Eiland wen — alles ingesluit ter waarde van R23 000.

Jou donasie help kinders in jeug- en sorgsentrums, behoeftige families, bejaardes en mense met gestremdhede deur Engo Free State.

**Kompetisie sluit:**
30 September 2026
**Wenner aangekondig teen:**
23 Oktober 2026

Kontak Elmarie by 079 599 4135 of Connie by 060 572 8230 om jou kaartjie te koop.

Koop 'n kaartjie, ondersteun 'n goeie doel en dalk vaar jy Desember weg op 'n droomvakansie!

# Huppel Trippel leer oor bye en heuning

Corné van der Merwe was die gas wat die woord gevoer het. Die Huppel Trippelaars het geleer oor bye wat nie steek nie. Só ook oor hoe die kleur van verskillende soorte heuning van mekaar verskil. Die dinamiek wat binne-in 'n byekorf plaasvind was baie interessant. Dit het gegaan oor al die prosesse wat moet gebeur; en wat elke by se taak is om dit moontlik te maak. 'n Skyfie-vertoning het alles verduidelik. 'n Lewendige vrae en antwoord-sessie het getuig van die belangstelling van die lede. Oor twee weke, op 30 Junie, sal die program bestaan uit SOP en SJERRIE met 'n LIEGSTORIE of twee. Kom kuier gerus om 10uur saam in die sonnige eetsaal.

Sien jou daar!



*Corné van der Merwe*






# KENNISGEWINGS

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 0341/2026
**Surname:** Smith
**First Names:** Leonardus George
**ID Number:** 541005 5110 080
**Last Address:**7 Simonberg Street Vaalpark, 1947
**First Names of Surviving Spouse**: Rinette
**Surname of Surviving Spouse:** Smith
**Id Number of Surviving Spouse:** 550407 0008 087
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Sasolburg
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-06-01
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-06-19


*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 1213/2024
**Surname:** Snyman
**First Names:** Susanna Aletta Isabella
**ID Number:** 400911 0007 082
**Last Address:** Huis Bron-van-Heil, District Heilbron, Province Free State
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-06-09
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-06-19


Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede

STROOP VAN SOJAS

PAUL KEOGH
071 363 4129

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald Office National


*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 3609/2023
**Surname:** Sadler
**First Names:** Izak
**ID Number:** 491120 5097 086
**Last Address:** Plot 111, Weltevrede, District Koppies, Free State
**First Names of Surviving Spouse**: Petronella Sadler
**Surname of Surviving Spouse:**
**Id Number of Surviving Spouse:** 650607 0198 080
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Koppies
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-06-09
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-06-19

Form J193

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.

Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **9091/2025**
Surname: **Maduna**
First Names: **Nokhala Simon**
Date of Birth: **1953-04-10**
ID Number: **530410 5512 082**
Last Address: **343 Mamba Street, Mamafubedu, district Petrus Steyn, Province Free State**
Date of Death: **2025-11-15**
Master's Office: **Bloemfontein**
First Names of Surviving Spouse:
**Ntombikayise Elizabeth**
Surname of Surviving Spouse:
**Maduna**
Date of Birth of Surviving Spouse:
**1957-09-04**
ID Number of Surviving Spouse:
**570904 0852 080**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Ntombikayise Elizabeth Maduna**
Address of Executor or Authorised Agent:
**343 Mamba Street, Mamafubedu, district Petrus Steyn, Province Free State**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name:
**Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/06/02**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on:
**2026/06/19**


SELF-INKING STAMPS
SELF-INKING DATER STAMPS

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National


Form J193

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.

Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **8830/2025**
Surname: **Prince**
First Names: **Henry**
Date of Birth: **1970-04-17**
ID Number: **700417 5244 081**
Last Address: **24 Tienie Grobler Street, Heilbron, Province Free State**
Date of Death: **2025-10-24**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Amanda Anne Schutte**
Address of Executor or Authorised Agent:
**4, 12th Street, District Heilbron, Province Free State**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name:
**Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/06/02**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on:
**2026/06/19**


**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
058 853 0006
POSTNET HEILBRON

**FOTOSTATE**

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078


# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

# Drie spanne, Een doel, Groot trots



Op die foto agter vl: Alwico Lesch (Afrigter), Reitz Roux, Paul Bester, Johnathan Joubert, Dawie Joubert, Caleb Jacob's, Marius Myburgh en Graimund Grand (Afrigter). Voor vl: Alvin Norkee, Zion Muller, Kenny Nteo, Lyle Basterman, Elán Lesch. Afwesig: Botshelo Mokhitli

Dit was 'n besondere rugbyseisoen vir Hoërskool Heilbron se primêre afdeling, met die O/9-, O/11- en O/13-spanne wat almal tot die semifinale deurgedring het.

Alhoewel die O/11- en O/13-spanne se reis daar geëindig het, het hulle deur die seisoen gewys wat deursettingsvermoë, harde werk en spanwerk beteken.

Die O/9-span het verder gevorder en verlede week in die finaal kragte gemeet met sterk teenstand. Die jong manne het van die eerste tot die laaste fluitjie alles gegee, nooit opgegee nie en met groot trots die Hoërskool Heilbron-kleure gedra. Ná 'n harde stryd is hulle as naaswenners aangewys.

Wanneer drie spanne so ver in 'n kompetisie vorder, spreek dit van die toewyding van spelers, afrigters en ouers wat week na week hul deel doen. Die gemeenskap is trots op elke speler wat sy beste op die veld gelewer het en die skool met waardigheid verteenwoordig het.


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2026 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 11 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 15 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 3 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 6 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 1922






BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 22 JUNIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 23 JUNIE 2026
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

HEILBRON: HILLTOP SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Hilltop
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491

WOENSDAG - 24 JUNIE 2026
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

SCHWEIZER-RENEKE: CORALTA SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Coralta
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

DELMAS: BOSHOFF BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, Tussen Delmas en Leandra
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

DONDERDAG - 25 JUNIE 2026
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 26 JUNIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44,
Heilbron

Herald



Vir die stroop van Mielies en Sojas





Koos Engelbrecht
082 388 2277



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING